

# 1

## KIND VAN GOD

# *Jy is Myne, sê die Here*

### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat hulle God se kinders is.

### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

#### **Kennis**

Die kinders moet weet en –

- verstaan dat hulle identiteit te make het met wat God oor hulle sê.
- kan verwoord waarom hulle weet dat hulle God se kinders is.

#### **Gesindheid**

- Die kinders moet dankbaar wees dat hulle ook aan God behoort.

#### **Vaardigheid**

- Die kinders moet uit dankbaarheid by die gedeelte BY DIE HUIS iets gaan doen wat eie aan 'n kind van God is.

### **MEER INLIGTING (Jesaja 43: 1-13)**

Jesaja het sy mense altyd gewaarsku dat hulle deur die Assiriërs oorwin en in ballingskap weggevoer sal word as hulle nie meer op die Here vertrou nie maar op ander nasies staatmaak. Hulle het nie geluister nie, en die ergste het toe gebeur. Hulle is in 'n oorlog verslaan en in ballingskap weggevoer.

Jesaja 43 het te doen met die tyd toe Juda, die Here se volk, in ballingskap was. Hier word gepraat met 'n platgeslane volk. Hier word verkondig dat die Here die Skepper en Verlosser is, die Regeerder van alles. Daarom kan Hy red. Die profeet vertel mooi vir sy volk dat hulle die Here se eiendom is en dat die Here hulle op die naam geroep het. Die Here gaan weer hulle land en hulle waardigheid aan hulle teruggee. God sê ook dat sy volk so belangrik is dat Hy selfs ander volke sal laat verslaan in ruil vir sy volk se bestaan.

Wanneer ons gedoop word, word ons ook op ons eie naam en van genoem. Daar word gesê: *Petro Swanepoel, ek doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.* Wanneer die predikant dit by my Doop sê, kry ek eintlik nog 'n naam by. Ek is nou *Petro Swanepoel, God se kind.*

Ons word ook deur God op ons name genoem. Hy ken elkeen persoonlik. Ons ontvang baie ander dinge van God. Ons ontvang dinge waarvoor ons nie gewerk het nie en wat ons nie verdien nie. Ons ontvang van Hom alles waarvan ons elke dag lewe. Ons ontvang die voorreg om verlos te wees van ons sonde en die duiwel, en om vir ewig te lewe. Net soos vir Israel, sê God ook vir elkeen van ons: *Jy is Myne!* Hy praat met almal wat aan Hom behoort, maar Hy praat persoonlik asof Hy met net een mens praat, met jou! Omdat ons veilig in die Here se hande is, hoef ons nie onnodig bang te wees nie.

As God se kinders, sy eiendom, mense wat op ons naam geroep is, gaan ons uit dankbaarheid aan God gehoorsaam wees deur Hom en ons naaste lief te hê.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Kartonstukke van 6 x 10 cm, een vir elke kind in die klas.

## **KOM ONS BEGIN**

Heet almal welkom en vra uit oor wat hulle die vakansie gedoen het. Open met gebed.

## **HET HULLE ONTHOU?**

Aangesien hier geen vorige les is om te kontroleer nie en dit aan die begin van die jaar is, word die tyd gebruik om mekaar te leer ken, registers in te vul en alle administrasie, soos jou gemeente vereis, te doen.

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Wie van ons het ons eie naam gekies? Het een van julle dalk julle eie naam gekies? Kan 'n mens jou eie naam kies? (Voer gesprek.)

'n Mens kies normaalweg nie jou eie naam nie. Jy ontvang dit. (Sommige mense verander wel wanneer hulle volwasse is hulle voorname, en soms selfs hulle vanne. Dit kan gedoen word, maar dit is 'n duur proses wat selde plaasvind.)

Ons is normaalweg baie trots op ons vanne, want dit wys dat ons aan 'n sekere familie behoort. Maar dié van ons wat gedoop is, het eintlik nog 'n ekstra naam. Dit is *Kind van God.*

## **IETS INTERESSANT**

Gebruik die gegewens by MEER INLIGTING en lê klem op dit wat die Here vir sy volk, sy kinders,

gesê het en waarom Hy spesifiek vir hulle gesê het: *Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.*

Maak 'n opsomming van die belangrikste feite uit MEER INLIGTING aan die hand waarvan jy verduidelik –

- wat met ons by ons Doop gebeur het.
- waarom ons nie bang hoef te wees nie.
- waarvan ons verlos is.
- wat dit nou beteken om God se kind, God se eiendom, te wees.

### **IETS BELANGRIK**

Lees Jesaja 43: 1-13.

### **IETS OM TE DOEN**

Gee vir elke kind 'n karton van 6 x 10 cm, en laat hulle hulle eie Kerk-identiteitsdokument maak soos hieronder. Hulle kan dit mooi en oorspronklik maak en as boekmerk in hulle Bybels gebruik.



### **BY DIE HUIS**

Laat hulle die volgende tuis doen en leer.

## DOEN

- Hulle moet vir hulle ouers 'n e-pos of 'n SMS stuur, of 'n Facebook-plasing doen waarin hulle verduidelik hoekom hulle 'n kind van God is en hoe hulle daarvoor voel. Dit sal hulle ouers se harte baie bly maak. Laat hulle dit ook vir jou stuur. Bring dit volgende week klas toe en lees dit voor. Gee jou e-posadres of selfoonnommer of Facebook-skakel vir die kinders.

## LEER

- Jesaja was 'n profeet in die tyd toe Juda in ballingskap was.
- Jesaja waarsku die volk dat hulle moet terugkeer na God toe.
- Die volk was ongehoorsaam en is as ballinge weggevoer na die land van die Assiriërs.
- Jesaja vertel die volk dat God hulle steeds liefhet want Hy het elkeen by die naam geroep.
- Die Here sal hulle genadig wees en die land aan hulle teruggee.
- As jy God se kind is, kry jy goed waarvoor jy nie gewerk het nie en wat jy ook nie verdien nie.
- As ons gedoop word, kry ons naas ons geregistreerde naam en van ook 'n ekstra *naam*, naamlik *Kind van God*. Dit beteken dat ek aan die Here behoort.
- Niemand kan God se kinders uit sy hand ruk nie.
- Die Doop is 'n teken wat jy ontvang wat beteken jy is die Here se kind.

## AFSLUITING

Sluit af met die Ons Vader. Almal bid saam.

*Ons Vader wat in die hemel is,  
laat u Naam geheilig word;  
laat u koninkryk kom;  
laat u wil ook op die aarde geskied,  
net soos in die hemel.  
Gee ons vandag  
ons daaglikse brood;  
en vergeef ons ons oortredings  
soos ons ook dié vergewe  
wat teen ons oortree;  
en laat ons nie in versoeking kom nie  
maar verlos ons van die Bose.  
Aan U behoort die koninkryk  
en die krag en die heerlikheid  
tot in ewigheid. Amen.*